**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 3 DESEMBER 2013 OM 13:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 11/2013**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Johann Muller geopen waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Charl De Wet | | Kleinbrak Johann Muller |
| Reebok (onder spoor) | | |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | | Sekretaris/Tesourier |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |
| Kaylene Taute | Munisipaliteit |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Des Muller | | Riverside |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |

### 12.4 Afwesig sonder verskoning

| | |
|---|---|
| Terrie Terblanche | Riverside |

## 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Des Muller (20/12), Jan Roets (9/1) en Charl Coetzer (16/1) met hulle verjaarsdae gedurende Desember 2013 en Januarie 2014.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4. | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysiging: | |
| | Item 6.10 – korrigeer spelling van pensioenarisse. | |
| | Voorgestel en gesekondeer deur Johann Muller en Charl Coetzer. | |
| 5. | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| 5.1 | **Skedulering van volgende jaar se vergaderings en beskikbaarheid van komiteelede vir 2014** | |
| | Op versoek van Kruger de Wet word besluit dat Uitvoerende Komiteevergaderings vir 2014 op die eerste Woensdag van elke maand sal plaasvind. | Lede |
| | Areaverteenwoordigers stel hulself weer verkiesbaar vir 2014 wat tydens die Algemene Jaarvergadering van 16 Desember bekragtig sal word. | |
| | Die vergadering neem kennis van Dorothy Barnard se besluit om uit te tree as verteenwoordiger van die Vereniging. | |
| 5.2 | **Trappe na die see** | |
| | Alle trappe behoort herstel te wees teen 13 Desember wanneer die Kleinbrak strand amptelik oopgestel word as Blouvlag strand. Bosse in strate sal nagegaan word. Haal af. | |
| 6. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT AKTIWITEITSLYS** | |
| 6.1 | **Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif** | |
| | Verskeie leemtes bestaan met aanduiding van straatname en gebiede op GPS stelsels. | |
| | Raadsheer Smit stel voor dat hy en Charl Coetzer 'n vergadering met Eddie Kruger hou om probleemareas te bespreek. Mnr Kruger sal ook uitgenooi word om die vergadering van 5 Februarie 2014 by te woon. | Kallie / Charl Coetzer |
| 6.2 | **Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting** | |
| | Terugvoer van die Munisipaliteit is dat die uitlegbeplanning en aansoek deur Formaplan hanteer is en die Omgewingstudie deur Sharples Environmental gedoen is. | |
| | Daar was appèl aageteken en die partye wag nou op die uitslag van die appèl wat deur die Minister se kantoor hanteer sal word. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 6.3 | **Voorgestelde aftreeoord op gedeeltes 31, 41 en 53 van die plaas 136, gedeelte 52 van plaas 137, gedeeltes 121 en 122 van die plaas 129 en plaas 309 en Erf 2842, Groot-Brakrivier**<br><br>Terugvoer van die Munisipaliteit is dat Sharples Environmental tans besig is met die voorbereiding van die Omgewingsimpakstudie. Die Munisipaliteit het nog nie 'n aansoek ontvang nie omdat gewag word todat die Omgewingsmagtiging beskikbaar is alvorens Sharples 'n aansoek ingevolge die Orde sal indien.<br><br>Die Vereniging het op 27 November 'n skrywe van Sharples ontvang waarin kommentaar gevra word op die Basiese Impakbepalingsverslag. Die terugvoerdatum is voor of op 31 Januarie 2014. | Anton |
| 6.4 | **Voorgestelde residensiële ontwikkeling – Gedeelte 14 van die plaas Rheeboksfontein no 142, Hartenbos (Mercedes Trust)**<br><br>Terugvoer van die Munisipaliteit is dat die aansoek reeds een keer verleng was tot 25 November 2013. Die aansoek het dus verval.<br><br>Die Munisipaliteit het intussen 'n aansoek vir goedkeuring van 'n Terreinontwikkelingsplan ontvang en sal dit bespreek word sodra 'n vergadering belê kan word. | Kallie |
| 6.5 | **Powertown - Snelgroeiende aanwas van strukture**<br><br>Terugvoer van die Munisipaliteit is dat daar tans deur Afdeling Behuising onderhandel word om Powertown te verskuif na die huidige Sonskynvallei. 'n Konsep uitleg is reeds deur Delplan gedoen en die omgewingskunsultante is besig met 'n omgewingstudie. Daar word ook met die ATKV onderhandel aangesien die aangrensende grond vir die verskuiwing aan hulle behoort. Daar sal waarskynlik nie binne die volgende 2 tot 3 jaar finaliteit hieroor bereik word nie. Sit op aktiwiteitslys | Dorothy |
| 6.6 | **Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)**<br><br>Terugvoer van die Munisipaliteit is dat 'n vergadering gehou is op 22 November 2013 met Stadler en Swart Prokureurs wat deur die Distriksmunisipaliteit aangestel is om die status en eienaarskap van die grond te ondersoek. Die opvolger in titel moet bepaal word. Volgens die prokureur is dit ingewikkeld aangesien die ou en nuwe wetgewing nagegaan moet word om 'n aanbeveling te kan maak. Volgens die prokureur is dit 'n aangeleentheid wat in die Konstitusionele hof kan beland wat vermy moet word. Dit wil voorkom asof die Munisipaliteit van Mosselbaai en die Distrikmunisipaliteit om 'n tafel sal moet sit en dit ter wille van samewerkende regering tot voordeel van almal moet beslis. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 6.7 | **Drie verdieping huis Mullerstraat, Tergniet**<br><br>Volgens inligting van die Munisipaliteit is die Kaapse Hooggeregshof genader en is die uitspraak nog uitstaande. Sit op aktiwiteitslys | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **7.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **7.1** | **Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 13 November 2013** | |
| | Die vergadering is deur Pieter le Roux en Johan Lotter bygewoon. Johan meld dat hy beïndruk was oor hoe goed die Munisipaliteit sake hanteer en Pieter sal graag toekomstige vergaderings wil bywoon. | |
| | Bywoning van 2014 se vergaderings staan oor vir bespreking tydens die vergadering in Februarie 2014. | |
| **7.2** | **Hersiening van straatname in die gebied** | |
| | Terugvoer op ons skrywe van 16 Oktober is nog uitstaande. 'n Opvolg skrywe sal gestuur word. | Dorothy |
| **7.3** | **Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155** | |
| | Die vergadering neem kennis van die vordering met die aangeleentheid. Frans de Graaff word bedank vir sy insette met die saak. | |
| **7.4** | **R102 - Skoonmaak van sypaadjies** | |
| | Skoonmaak van die pad word as hoë prioriteit deur Eden Distriksmunisipaliteit hanteer en behoort voor Kersfees aandag te kry. | |
| **7.5** | **Grondwet hersiening** | |
| | Volgens terugvoer van 'n prokureur sal dit voordelig vir die Vereniging wees dat lidmaatskap weer ingestel word. Veranderinge sal gedurende 2014 bygewerk word. Die aangeleentheid sal tydens die Algemene Jaarvergadering bespreek word. | Anton/Lede |
| **7.6** | **Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP** | |
| | Die manier waarop die proses hanteer is, is onbevredigend. Skriftelike navraag is gedoen oor die bedrag wat MEP betaal is/word vir die proses. Terugvoer op ons skrywe van 6 November is uitstaande en 'n Opvolg skrywe is op 2 Desember aan die Munisipaliteit gestuur. | Dorothy |
| | 'n Artikel oor oopstel van strande vir honde het in Die Burger van 3 Desember 2013 verskyn. Heelwat teenstrydighede bestaan oor die inligting wat weergegee word. | |
| | Raadslid Gerber sal genader word om korrekte inligting bekend te maak. | Anton |
| | Die vergadering bevestig dat inligting oor die proefnemingsproses in die munisipale nuusbrief aan eiendom eienaars gekommunikeer moet word. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **7.7** | **Plakkers / bosslapers op Erf 2841 (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Arcaciastraat) (voorheen Marktus Louw se eiendom)** | |
| | Mnr De Graaff word bedank vir sy bydra om die aangeleentheid op te los. Haal af. | |
| **7.8** | **Pad na Powertown / bootlanding** | |
| | Anton sal Vernon oor vordering kontak. | Anton |
| **7.9** | **Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg** | |
| | Uitspraak deur die Dorpsbeplanningsafdeling van die Munisipaliteit is nog uitstaande. | Frans |
| **7.10** | **Impalalaan: Aanbring van tweede seëllaag en beplanningskedule** | |
| | Beplanning skedules vir 2014 wat van Altus Eitner ontvang is, is aan lede gestuur. Haal af. | |
| **7.11** | **Vakansie seisoen reëlingsvergaderings** | |
| | Munisipaliteit se voorbereiding vir die vakansieseisoen is duidelik sigbaar in die gebied. Haal af. | |
| **7.12** | **Besigheidskaartjies vir die Vereniging** | |
| | Kaartjies is nog nie klaar nie, maar behoort voor die Algemene Jaarvergadering klaar te wees. | Anton |
| **7.13** | **Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak** | |
| | Dorothy het die aangeleentheid telefonies met Altus Eitner bespreek. Altus het onderneem om saam met mnr Abrie Nel na oplossings te kyk vir die informele voetpad in Kusweg tussen Reebok en Kleinbrak. | |
| **7.14** | **Erf 502, Albertiniastraat 42, Fraaiuitsig** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die eiendom verkoop gaan word. | Frans |
| **7.15** | **Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens** | |
| | Dorothy het die versoek telefonies met Altus Eitner bespreek wat voorstelle sal oorweeg. Verwys ook na Item 8.1.2 van die notule van 5 November 2013. | |
| **8.** | **WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5** | |
| | Geen bespreking nie. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **9.** | **PROJEKTE** | |
| **9.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | In Reebokrif is heelwat ontbrekende straatname by T-aansluitings. Die aangeleentheid sal met mnr Eddie Kruger bespreek word. Sien ook Item 6.1. | Kallie/Charl |
| **9.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Die versoek dat Seester 70, Tergniet skoongemaak word is aan André Strauss deurgegee. | |
| | Skoonmaak van vakansiehuise se tuine gedurende die jaar sal tydens die Algemene Jaarvergadering bespreek word. | Anton |
| **9.3** | **Rampbestuur** | |
| | Die Mosselbaai Oorhoofse Rampbestuursplan is goedgekeur en die elektroniese formaat is op die Munisipaliteit se webtuiste beskikbaar. Charl Coetzer en Des Muller sal die plan bestudeer en insette (indien enige) verskaf. Die Plan word jaarliks hersien. Staan oor. | Charl / Des |
| **10.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R13 137,62 en kontant voorhande R340,55. | Dorothy |
| **11.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Inbrake het toegeneem alhoewel misdaad statistiek vergeleke met November 2012 toon dat dit laer is. | |
| | Inwoners word versoek dat huisnommers sigbaar is. | |
| **12.** | **BEWAREA** | |
| | Anton en Frik se gesprek om voorstelle te bespreek staan oor tot 2014. | Anton / Frik |
| **13.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **13.1** | **Fraaiuitsig** | |
| **13.1.1** | Die Verkeersafdeling word bedank vir die spoedbeheer wat toegepas is. | |
| ***13.1.2*** | Parke by Jonkersberglaan se gras is gesny, maar nie onder die bome nie. | Rozain |
| ***13.1.3*** | 'n Huis in Impalalaan, tussen Da Gama en Robertsonlaan, vertoon onnet deur grondhope wat vermoedelik kunsmishope is. Mnr De Gaaff sal die aangeleentheid ondersoek. | Frans |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **13.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***13.2.1*** | ***Blouvlag status*** | |
| | Die amptelike vakansieseisoen by Kleinbrak strand begin op 13 Desember. Dorothy word versoek om 'n uitnodiging aan Komiteelede te stuur om die geleentheid, wanneer die vlag gehys word by te woon. Haal af. | Dorothy |
| | Raadlid Gerber het 'n lys met versoeke oor werk wat aandag nodig het, aan die Munisipaliteit gestuur. | Rozain |
| ***13.2.2*** | ***Trappe na die see*** | |
| | Anton sal Abrie Nel oor die trappe kontak. | Anton |
| **13.3** | **Reebok** | |
| ***13.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. Besoekers wat die gebied besoek is baie beïndruk met die netheid van die dorp met dank aan die Munisipaliteit. | |
| ***13.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **13.4** | **Reebokhoogte** | |
| ***13.4.1*** | ***Sluit van elektriese kaste*** | |
| | Alhoewel 'n skrywe van mnr William Olivier ontvang is dat die werk afgehandel is, is daar die elektriese kas in Seesterstraat naby Koraalsingels nog nie gesluit nie. Anton sal dit onder mnr Olivier se aandag bring. | Anton |
| **13.5** | **Reebokrif** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **13.6** | **Riverside** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **13.7** | **Tergniet en De Lange Uitbreiding** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **13.8** | **Tergniethoogte** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **14.** | **KORRESPONDENSIE**<br><br>Sien Item 6.3. | |
| **15.** | **VOLGENDE VERGADERING**<br><br>Woensdag, 5 Februarie 2014 - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |
| **16.** | **VERDAGING**<br><br>Die vergadering verdaag om 14:45.<br><br>DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER**<br><br>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2014 GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2014 – 13:00.<br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |